Wat is Lydenstyd?

Lydenstyd, wat soms ook as die "veertig dae"-tydperk bekend is, vorm een van die belangrikste seisoene in die Christelike kalender. Dit is tyd van selfondersoek en verootmoediging en word in baie kerke gekoppel aan 'n tyd van vas of onthouding. Dit is tradisioneel die tydperk van hernuwing sowel as van kategetiese afronding. Die tydperk bied aan Christene geleentheid om na te dink oor die Here se lyding ter wille van ons sondes. Al hierdie motiewe staan egter in diens van die sentrale motief, naamlik voorbereiding vir Pase, die fees van Jesus se opstanding. Lydenstyd begin op As-Woensdag 22 Februarie 2012.

Wanneer vier ons Lydenstyd?
Omdat Christene nie op Sondae, die opstandingsdag gevas het nie, begin Lydens-tyd op 'n Woensdag (As Woensdag), 46 dae voor Paasfees (40 dae en 6 Sondae). Sommige kerke (ook ons kerk) begin Lydenstyd op die Sondag voor hierdie Woensdag (dus sewe Lydens-weke).

Simbole, gebruike en rituele in Lydenstyd
Die kruis is die sentrale simbool in Lydenstyd. Die kruis herinner ons aan die kruisiging van Jesus, 'n teken van Sy lyding en sterwe. Sit 'n houtkruis teen jou voordeur of in jou huis, of dra een om jou nek as herinnering aan Lydenstyd.

'n Doringkroon of spykers kan saam met die kruis dien as simbole.

'n Groot wit kers met doringdraad daarom gedraai, beeld uit hoe Christus gekom het om bevryding te bring van alle menslike nood. Oor die sewe Lydensweke kan 8 kerse gebrand word (7 vir Lydenstyd en 1 vir Goeie Vrydag). Elke week word een kers doodgeblaas om die donkerte te simboliseer, todat al 8 op Goeie Vrydag doodgeblaas is, om die donkerte van Jesus aan die kruis en in die graf te simboliseer.

- Die kleure in hiedie tyd is somber – donker aardse kleure, veral pers.
- Lydenstyd is 'n tyd van hertoewyding. Daarom staan dissipelskap sentraal. Dit is dus 'n tyd van toerusting vir dissipelskap.
- Die gebruik om in hierdie tyd van voedsel te vas, staan in die teken van hertoewyding. Hierdie gebruik kan met 'n bietjie verbeelding met vrug in ons huise gebruik word. As 'n teken van ons bereidheid om op te offer vir die evangelie, kan ons byvoorbeeld besluit om in hierdie tyd te vas van 'n gewoonte, soos die lees van tydskrifte of die kyk van televisie. Ons kan ook besluit om van sekere voedelsoorte te vas.
- Lydenstyd is 'n tyd van bepeinsing en stilte. Afsondering is daarom baie nodig. Dit is 'n tyd om ons te verwonder oor die kruisiging as dié liefdesdaad van alle tye.
- Lydenstyd is 'n gereedmaak om vernuwing in ons lewe te ontvang.

Groot Lydensweek
Dit is die 7de en laaste Lydensweek en begin op die Sondag wat tradisioneel as Palmsondag bekend staan. Dit verwys na die intog van Jesus in Jerusalem wat gekenmerk is deur die skare wat palmtakke geswaai het en Jesus as die Messias verklaar het. Die kleure van hierdie week verander na donkerrooi om die bloed van Jesus te simboliseer.